

Inhoudsopgawe

Inleiding	11
Hoofstuk 1 – Die Persoon van die Heilige Gees	15
1.1 Die Bybel en die Heilige Gees	16
1.2 Die Gees is God	20
Samevatting	22
Hoofstuk 2 – Die simbole van die Heilige Gees	24
2.1 'n Duif	26
2.2 Wind	27
2.3 Water	28
2.4 Olie	29
2.5 'n Wolk	30
2.6 Vuur	31
2.7 Seël	32
Hoofstuk 3 – Die Heilige Gees in die Ou Testament	35
3.1 Die Heilige Gees en die skepping	36
3.2 Die Heilige Gees en Israel	38
3.3 Die Heilige Gees en die Messias	39

Hoofstuk 4 – Die Heilige Gees en Christus	
se aardse bediening	41
4.1 Sy verwekking in Maria	41
4.2 Sy kinderdae	47
4.3 Sy doop en die begin van Sy bediening	48
4.4 Sy openbare bediening	50
4.5 Sy dood en opstanding	52
Hoofstuk 5 – Die Heilige Gees en die Vroeë Kerk	54
5.1 Die Heilige Gees in Handeling	54
5.2 Die Heilige Gees in die eerste eeue van die Kerk se bestaan	57
Hoofstuk 6 – Die Heilige Gees en wedergeboorte	61
Hoofstuk 7 – Die belofte van die Heilige Gees in Johannes 7:37-39	64
Johannes 7:37-39	65
Hoofstuk 8 – Die doop of vervulling met die Heilige Gees	71
8.1 Wat die doop in die Heilige Gees nié is nie	72
8.2 Wat is die vervulling met, of doop in die Heilige Gees?	74
8.3 Geestelike armoedigheid	76

Hoofstuk 9 – Wat is die verskil tussen wedergeboorte en die doop in die Gees?	78
“Van Golgota na die Oppersaal ... ”	81
Hoofstuk 10 – “ ... En hulle het begin spreek in ander tale ... ”	85
10.1 Pinksterdag (Hand. 2:1-4)	86
10.2 Cornelius en sy huis (Hand. 10)	90
10.3 Die dissipels in Efese (Hand. 19:1-7)	91
10.4 Die Samaritane (Hand. 8)	93
10.5 Paulus (Hand. 9)	95
Gevolgtrekking	96
Hoofstuk 11 – Waarom tale?	100
Hoofstuk 12 – Tale – is dit nodig en sinvol?	105
Die sinvolheid van tale	109
Hoofstuk 13 – As ek verlang om met die Gees vervul te word	111
Hoofstuk 14 – Ander tekens en gevolge van die vervulling met die Heilige Gees	115
14.1 Die vrug van die Gees	116
14.2 ’n Kragtige lewe	117
14.3 ’n Drang om te getuig	119
14.4 Die vind en uitleef van jou bediening	120
14.5 Aanbidding en liefde vir God	121

18.3.4	As hulp in ons getuienis en dienswerk vir die Here	158
18.3.5	As wapen teen die vyand	159
18.4	Hoeveel genadegawes is daar?	160
18.5	Enkele verdere opmerkings oor 1 Korintiërs 12	162
18.6	Enkele opmerkings oor 1 Korintiërs 13	165
Hoofstuk 19 – Die nege gawes van		
	1 Korintiërs 12:8-10	168
19.1	Genadegawes van openbaring	168
19.1.1	'n Woord van wysheid	169
19.1.2	'n Woord van kennis	171
19.1.3	Die onderskeiding van geeste	173
19.2	Genadegawes van kragte	177
19.2.1	Genadegawes van geloof	177
19.2.2	Genadegawes van gesondmaking	178
19.2.3	Werkinge van kragte	186
19.3	Die genadegawes van geïnspireerde uitinge	189
19.3.1	Profesie	189
19.3.2	Allerhande tale en uitleg van tale	194
	Laaste algemene opmerkings oor die charismata	198
	Epiloog	201
	Die Heilige Gees en die wederkoms	201

Inleiding

My lewe het op 'n wyse verloop waaroor ek baie dankbaar is en ek kan by retrospeksie duidelik die hand en plan van die Here daarin sien.

Ek is van kindsbeen af deel van die Pinksterbeweging. Een van die onderskeidende kenmerke van die Pinkster- en Charismatiese beweging is die klem op die Persoon en die werk van die Heilige Gees – 'n realiteit wat ongelukkig vir die grootste deel van die Kerk se geskiedenis en deur 'n groot deel van die Kerk van Christus verwaarloos is.

Oor die jare het ek dus 'n breë blootstelling gehad aan die wye spektrum van Charismatiese werkinge en manifestasies. Ek het plekke besoek waar egte herlewings aan die gang was en het ook my kwota blootstelling gehad aan geesdrywing en fanatisme. Die feit dat ek op 'n redelike jong ouderdom deel geword het van my kerk se leierskap en mettertyd ook op internasionale vlak in leierskapsrolle betrokke was, het alles meegebring dat ek waarskynlik meer van die werk van die Heilige Gees gesien en beleef het as baie ander gelowiges. Ek sê dit met groot ootmoed.

Aan die ander kant het ek die voorreg gehad om my teologiese opleiding (van voorgraads tot doktoraal) aan Tukkies en die kweekskool van die Nederduits Gereformeerde Kerk te kon deurloop. Ek is die Here ewig dankbaar vir teoloë wat my geïnspireer het om eerlik met die Skrif om te gaan en my 'n

onwegneembare respek en liefde vir die Bybel gegee het.

My teologiese opleiding het meegehelp om my 'n begrip en respek vir die Gereformeerde tradisie te gee, maar my ook help om 'n waardering en liefde vir die groter Kerk van die Here te gee en tot die grootste mate enige eng, eenogige en sektariese beskouing van die Kerk van Christus te vermy.

Dit het meegebring dat ek oor die afgelope drie dekades toenemend in verskillende kerke/denominasies bedien het – benevens in die AGS veral in die NG Kerk. Die kerklike speelveld in Suid-Afrika het inderdaad in hierdie periode dramaties verander en 'n veel groter geneentheid en begrip vir mekaar het ontstaan. Die veld van die ekumene, waar kerke saamkom en hande vat, het die terrein geword waar ek my die meeste tuis voel en verkies om te bedien.

Die afgelope paar jaar het dit toenemend duidelik geword dat die Gees van die Here met 'n vernuwende werk in Sy Kerk besig is. Terwyl daar onrusbarende tekens is dat baie tradisionele Pinksterkerke iets van hulle oorspronklike Heilige Gees-belewenis en -erfenis verwaarloos en prysgee, is daar by baie gelowiges vanuit die meer tradisionele kerke 'n toenemende honger, openheid en soeke na meer van die Heilige Gees.

Dit is teen hierdie agtergrond wat ek my gedronge gevoel het om hierdie boek te skryf; deels om my mede-Pinkstergenote opnuut te herinner en aan te spoor om ruimte te maak vir die onvergelykbare krag en werking van die Heilige Gees, maar om andersyds ook die groot getalle eerlike en "honger" gelowiges in die meer tradisionele kerke te probeer help en begelei om 'n outentieke belewenis met die Persoon van die Heilige Gees te hê en om te lewe en te wandel in die krag van die Heilige Gees.

Wanneer dit by die dinge van die Gees kom, kan 'n mens jou maar alleenlik ootmoedig aan Hom beskikbaar stel. Hy kan nie gemanipuleer en gebruik word nie. Hy gebruik ons en werk deur ons soos Hy wil.

Ons het die voorreg om in 'n tyd te lewe waar daar ten spyte

van sekularisasie en postmodernisme (of miskien juis as gevolg daarvan), 'n uitstorting van die Heilige Gees wêreldwyd plaasvind soos nog nooit in die geskiedenis van die mensdom nie. Volgens die statistikus David Barrett is daar vandag ongeveer 630 miljoen mense op aarde wat kan getuig van die ondervinding van die doop in die Heilige Gees. Meer as die helfte hiervan is nie mense in die tradisionele Pinksterkerke nie, maar uit die hele wye spektrum van kerklike tradisies. Ongeveer 150 miljoen is Charismatiese Rooms-Katolieke.

As daar ooit 'n tyd was dat die Heilige Gees nodig is in die kerk en in die lewe van die gelowiges, is dit sekerlik vandag. En as die Heilige Gees ooit gewillig was om hierdie behoefte en leemte te vul, is dit vandag. Maar in hierdie verband moet ons juis bereid wees om geleer en gelei te word. Van die mees tragiese en teleurstellende dele van die geskiedenis van die kerk het somtyds gevolg op die veronderstelling deur sommige groepe dat "ons mos nou die Heilige Gees het". Sulke dinge gebeur nie omdat daar fout is met die Heilige Gees nie, maar omdat daar fout is met die menslike gees. Daarom het ons duidelike en gesonde lering oor die Heilige Gees nodig.

Terwyl ek hierdie boek volgens my eerlike insig en na die beste van my vermoë Bybels-korrek skryf, doen ek dit nie met die gedagte om teoloë te beïndruk nie. Soos my vorige boeke, skryf ek in die eerste plek vir gewone gelowiges wat ernstig is om dissipels van Jesus Christus te wees. Alhoewel ek vele van die Skriftekste waarna ek in die boek verwys, aanhaal, wil ek aanbeveel dat jy hierdie boek lees met die Bybel oop langs jou. Die Gees en die Woord bevestig mekaar se getuienis en so kan hierdie boek vir jou van die allergrootste waarde word.

Mag die Heilige Gees dié boek inderdaad gebruik!

~ Isak Burger

Die Persoon van die Heilige Gees

Voordat 'n mens oor die werk van die Heilige Gees besin, is dit belangrik om eers in ootmoed te peins oor die Persoon van die Heilige Gees. Terwyl vele van die beelde en simbole wat na die Heilige Gees verwys, met Sy werk te doen het, kan die Persoon van die Heilige Gees nie van Sy werk geskei word nie. Ons sal Sy werk beter verstaan as ons Sy Persoon beter ken.

Eintlik kan 'n mens nie ware Bybelse teologie bedryf as die Persoon van die Heilige Gees nie vir jou 'n persoonlike werklikheid is nie. Daar is 'n wesenlike gebrek aan outentisiteit in 'n mens se besinning oor die Skrif as die eintlike Outeur van die Bybel nie vir jou 'n innige, innerlike werklikheid is nie. Hierdie feit word duidelik sigbaar in die teologie van diegene wat die gesag en integriteit van die Skrif ondermyn. Die grondslag daarvoor kan waarskynlik gesoek word in die afwesigheid van 'n verhouding met God en persoonlike kennis en ervaring van die Persoon van die Heilige Gees. So 'n teologie bring nie lewe voort nie, maar die dood.

'n Billike en geregverdigde vraag wat jy kan vra aan enige persoon wat meen dat hy of sy 'n teoloog of Bybelwetenskaplike is, is: "Ken jy die Heilige Gees?"

1.1 Die Bybel en die Heilige Gees

Daar is 'n noue en direkte verband tussen die Heilige Gees en die Heilige Skrif. Die Bybel is nie maar net 'n historiese geskrif wat deur 'n klomp antieke mense geskryf is en wat na willekeur deur hedendaagse Bybelwetenskaplikes uitgelê kan word om by hulle paradigma oor God in te pas nie.

Een van die kenmerke van vele moderne Bybelkritici is dat hulle die rol en werk van die Heilige Gees in die totstandkoming van die Skrif grootliks ignoreer. Hulle erken nie die Heilige Gees as die Bron en Hoof-outeur van die Bybel nie. Die Heilige Gees kom nie eers ter sprake wanneer hulle die Bybel dissekteer nie. Nee, vir hulle is die Bybel die produk van primitiewe mense wat lank gelede hulle geskiedenis, mites, legendes en volksverhale opgeteken het. Hulle beskou dit as hulle taak om die gedeeltes van die Bybel wat hulle menslike toets van rasionaliteit en logika slaag te selekteer. Dis logies dat geloof en veral die Heilige Gees volgens so 'n benadering geen rol speel nie en dat dit wat nie wetenskaplik verklaar kan word nie – die wonderwerke en die bonatuurlike – in die slag bly. Een van die belangrikste toetsstene is of so 'n persoon die opstanding van Jesus uit die dood aanvaar.

Paulus het hierdie tendens waarskynlik reeds in sy tyd ervaar: *“Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.”* (1 Kor. 2:14)

Die inspirasie en die rol van die Heilige Gees in die lewens en skrywes van verskillende Bybelskrywers in die Ou en Nuwe Testament word oor en oor beklemtoon. 2 Timoteus 3:16-17 beklemtoon hierdie Goddelike inspraak: *“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyising, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.”*

Petrus stel dit ook ondubbelsinnig: *“ ... terwyl julle veral dít*

moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.” (2 Pet. 1:20-21)

Dit alles gesê, beteken dit nie dat die verskillende Bybel-skrywers bloot willose marionette van die Gees was nie. Die titel van 'n boek deur wyle prof. Johan Heyns het die Bybel mooi opgesom: “God se Woord in mensetaal.” Natuurlik besef ons dat die kultuur, taal, antieke wêreldbeeld en begrip van daardie tyd in gedagte gehou moet word. God het Homself nie in 'n antieke wêreld in die taal, begrip en idioom van die 21ste eeu geopenbaar nie. Jy moet jousef as't ware in die skoene van die mense van daardie tyd verplaas om die volle betekenis van God se openbaring te verstaan. Die inspraak en rol van die Heilige Gees is egter hierin ondubbelsinnig duidelik: Dit oorspan tyd en kultuur.

Die Heilige Gees word meermale genoem “*die Gees van die Waarheid*”. (Joh. 14:17; 15:26; 16:13) Daarom verstaan 'n mens ook dat die Skrif as “die Waarheid” beskryf word, byvoorbeeld in Johannes 17:17: “*Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.*” Herhaaldelik, deur die hele Skrif heen, word God se Woord as die waarheid beskryf.

Die waarheid van die Bybel word gewaarborg deur Hom wat die Bron en Outeur daarvan is: die Heilige Gees – “*die Gees van Waarheid*”. (Joh. 14:17) Dit beteken ook dat die Bybel eintlik eers regtig “oopgaan” en waarlik verstaan kan word wanneer iemand wat die Heilige Gees in hom of haar het dit lees.

Die Heilige Gees werk verliggend wanneer 'n gelowige die Bybel lees. Dit is 'n algemene ervaring wanneer 'n kind van die Here die Bybel lees, dat 'n sekere waarheid, teks of woord meteens net vir jou “oopgaan”. 'n Mens beleef dit dan amper as 'n persoonlike openbaring. Dit bring 'n warmte in jou hart en jy weet net: Dit is God wat met jou praat. Ek het dikwels al gevind dat gelowiges vertel hoe 'n sekere teks vir hulle oopgegaan het

terwyl hulle biddend en met 'n oop gemoed die Bybel gelees het. Keer op keer het dit my getref dat so 'n "openbaring" in ooreenstemming is met die korrekte eksegeese en verklaring van die teks uit die grondtaal. Dis wat gebeur as die Outeur van die Skrif dit sê vir die gelowige leser oopmaak.

Hieruit kan enkele relevante afleidings gemaak word. Eerstens moet besef word dat die Bybel in 'n baie spesifieke sin nie van die Gees losgemaak kan word nie. Die Bybel is as't ware in diens van die Gees, nie andersom nie. Dit beteken egter nie dat die Bybel vandag relatiewe waarde het of dat die Heilige Gees na willekeur afwyk van wat die Bybel sê nie. Nee, wat die Heilige Gees in die Skrif geïnspireer en openbaar het, is waarheid en altyd geldend. Ons kan aanvaar dat die Heilige Gees ons nooit teen Sy eie openbaring (die Bybel) sal lei nie. Hulle werk saam, getuig saam en die een bekragtig die ander.

Die Bybel is sonder twyfel die suiwerste openbaring van God en Sy wil aan die mens. Geen ander openbaring mag prioriteit daarvoor kry nie. Die Bybel kan en moet altyd ons rigsgoer in die lewe bly: *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."* (Ps. 119:105)

Die Heilige Gees sal nooit téén die Skrif werk nie. Toets maar enige profesie, inspraak of leiding aan die Skrif. Die Gees en die Skrif werk saam, nóóit teen mekaar nie, want die Bybel is die produk van die Heilige Gees.

Omdat daar so 'n innige verbondenheid tussen die Gees en die Woord is, is die Bybel ook ons hoofbron van inligting oor die Heilige Gees. Van die eerste bladsy tot die laaste bladsy van die Bybel lees ons van die Heilige Gees. Dit beteken egter nie dat 'n mens niks van die Heilige Gees kan ken of ervaar as 'n mens nie die Bybel ken nie. So byvoorbeeld lees ons in Handeling 19:2 dat Paulus 'n aantal dissipels in Efese gevind het en hulle gevra het: *"Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie."*

Hiervan kan 'n paar interessante afleidings gemaak word. Hier is 'n aantal dissipels, mense wat tot geloof in Christus gekom het en tog nie eens geweet het dat daar 'n Heilige Gees is nie! Hoe moet mens dit verstaan? Dit is tog die Heilige Gees wat 'n mens oortuig van sonde, wat geloof in jou hart werk en jou wederbaar. Tog blyk dit uit hierdie gedeelte dat 'n mens hierdie egte werk van die Gees in jou lewe kan ervaar alhoewel jy self nog niks van die Heilige Gees weet nie en dalk nog nooit die Bybel gelees het nie!

Dit is veral verstaanbaar in daardie konteks waar daar nog geen Nuwe Testament was nie en waar hierdie "nuwe" gelowiges heidene was en dus selfs nie eers soos die Jode oor die Ou Testament beskik het nie. Hierdie scenario speel hom telkens af waar die evangelie aan heidene verkondig word en hulle Jesus as Verlosser aanvaar. Dit is dus nie 'n voorvereiste dat 'n mens eers kennis aangaande die Heilige Gees moet hê alvorens Hy in jou lewe kan werk nie.

Natuurlik word kennis oor die Heilige Gees belangrik op ons verdere geestelike reis deur die lewe. Dis dan ook waarom Paulus hierdie onkundige dissipels in Efese onmiddellik sekere basiese leringe gegee het en hulle ook gedoop het. Toe hy hulle daarna die hande oplê, is hulle dan ook vervul met die Heilige Gees en het in ander tale gespreek en geprofeteer. (Hand. 19:6)

Alhoewel dit waar is dat 'n mens die werking van die Heilige Gees kan beleef sonder veel kennis van die Bybel, is gesonde Bybelse kennis oor die gawes en werkinge van die Heilige Gees belangrik om die volle seën van die derde Persoon in die Drie-eenheid in jou lewe te ervaar. Om 'n ware dissipel van Jesus te wees, impliseer 'n groeiende kennis en ervaring van die Heilige Gees.

Die kerkgeskiedenis ken vele voorbeelde van ernstige dwalinge wat ontstaan het toe gelowiges as't ware op loop gegaan het "omdat hulle nou die Gees het", maar nie die riglyne wat die Gees sêlf in die Woord daargestel het, geëer het nie. Dit

is d n wanneer dwepery en fanatisme kop uitsteek en mense die spoor byster raak: omdat hulle die gesonde leer van die Bybel verontagsaam het. Die Bybel en die Gees staan nie teenoor mekaar nie en hulle moenie van mekaar losgemaak word nie. Die wonder van die Bybel gaan verlore wanneer die Gees uitgesluit word. Aan die ander kant “verdwaal” mense wanneer die lig van die Woord afgeskakel word. Nie omdat daar onvolkomenheid of fout met die Gees is nie, maar omdat die gees van die mens so maklik verdwaal.

Hierdie “verdwaaldheid” wanneer Woord en Gees geskei word, het reeds in die tweede eeu met die Montaniste begin en het homself keer op keer deur die geskiedenis herhaal. Die risiko is vandag groter as ooit. Daarom is dit belangrik dat ernstige en eerlike soekers na die volheid van die Gees mooi hoor en verstaan wat die Bybel oor die Heilige Gees s . Hierdie boek wil jou daarmee help en bo alles aan die drie-enige God eer bring.

1.2 Die Gees is God

Wanneer ons oor die Heilige Gees praat, praat ons oor God. Die Heilige Gees is die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid.

Ek wil onmiddellik s  dat wanneer ’n mens oor Hom praat, jy dit beskeie en versigtig moet doen. Ons het wel die voordeel dat die kerk deur die eeue en veral tydens die eerste 400 jaar van sy bestaan in groot erns en deur baie worsteling tot sekere belydenisse en beskrywings oor God gekom het. Daardie definisies en belydenisse word vandag nog deur feitlik alle kerklike tradisies onderskryf en bely. ’n Mens bly egter besef dat dit ten beste steeds menslike pogings is om die Onbeskryfbare te probeer beskryf.

God is die sentrale Figuur in die Bybel. Hy openbaar Homself daarin en die Bybelskrywers skryf baie oor Hom. Ons lees in

die Bybel dat God één is, maar tog uit drie Persone bestaan – ’n onbegryplikheid wat ons met die woord “Drie-eenheid” probeer weergee. (Dit is terloops ’n woord wat nie in die Bybel voorkom nie.)

Hierdie onbeskryflike Een, Skepper en God, ontmoet ons in die Skrif as Vader, Seun en Heilige Gees. Die grootste teologiese stryd en worsteling in die Vroeë Kerk was oor die korrekte verstaan hiervan – eerstens veral oor die Godheid van Jesus en Sy verhouding met die Vader. Hy is een van wese met die Vader.

Tweedens was daar die stryd rondom die verstaan van Jesus se twee nature (die Goddelike en die menslike). Verskillende algemene konsilies/vergaderings/sinodes is oor hierdie twee misteries gehou. Uiteindelik is daar grootliks tot ’n eenstemmige belydenis hieroor gekom.

Dit is duidelik wanneer jy hierdie belydenisse uit die vierde eeu (Athanasius, Nicea en Konstantinopel) lees, dat die grootste worsteling onder teoloë en kerkleiers in die Vroeë Kerk oor die Persoon en Goddelikheid van Jesus gehandel het. In hierdie belydenisse is relatief min oor die Heilige Gees gesê.

Dit is interessant om die verwysings en kort belydenisse oor die Heilige Gees uit sommige van hierdie oudste geloofsbelydenisse te lees:

Nicea (325) en Konstantinopel (381 n.C.)

Ek glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak, wat van die Vader en die Seun uitgaan en wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word.

Geloofsbelydenis van Athanasius (Gebruik in Christelike kerke sedert die sesde eeu)

Die Persoon van die Heilige Gees verskil van die Vader en die Seun, maar hulle is een Godheid met gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid. Die Heilige Gees is ongeskape, ewig, almagtig, Hy is God, Here. Die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun, nie gemaak of geskape

of gegenerieer nie, maar uitgaande. In hierdie Drieheid is geen eerste of laaste, geen meeste of minste nie, maar die ganse drie Persone het gelyke ewigheid en is volkome gelyk aan mekaar.

Hierdie kort teologiese opsomming en beskrywing van die Heilige Gees in die Drie-eenheid is van groot waarde en verdien om weer aandagtig gelees te word.

Samevatting

Opsommend kan gesê word dat die Heilige Gees die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid is. Hy is een van wese met die Vader en die Seun. Hy is dus eweneens God en gelyke eer waardig.

Ons moet duidelik verstaan dat die Heilige Gees nie bloot ('n) die krag of "invloed" van God is nie. (Dit was in wese wat die Jode verstaan het as hulle van die Gees praat.) Hy is 'n duidelik onderskeibare persoon in die Godheid.

Ons moet nie die feit dat Hy "Gees" is, interpreteer as iets "onpersoonliks" nie. God self is gees. Alle geeste het ook persoonlikhede, of dit die Heilige Gees, engele of ook bose geeste is. Die Bybel het talle voorbeelde waar die persoonlikheidsienskappe van die Heilige Gees geopenbaar word.

Die Heilige Gees is dus nie maar net "'n krag" van God nie. Hy is 'n Persoon wat krag (*dunamis* in Grieks) het. Die begrip "krag van die Gees" is kenmerkend en tiperend van die werk van die Heilige Gees. Een van die uitstaande kenmerke van die Heilige Gees is dat Sy werking en krag heel anders en onvergelykbaar is met enige krag wat aan die mens bekend is. Dink byvoorbeeld aan die woord van die Here wat deur 'n engel tot die profeet Sagaria gekom het "*Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskaie.*" (Sag. 4:6)

Verder is dit ook interessant om op te let dat die Gees se Naam dikwels deur die byvoeglike naamwoord "Heilig" voor-

afgegaan word. Alhoewel die Vader en die Seun eweneens heilig is en ook by geleentheid so beskryf word, is dit merkwaardig dat die woord "Heilig" 'n beskrywende deel van die derde Persoon in die Godheid se Naam is. Hy is heilig en Hy werk heiligheid in die hand. By geleentheid word Hy selfs net die "Heilige" genoem: *"En julle het die salwing van die Heilige en weet alles."* (1 Joh. 2:20) Laster teen die Heilige Gees is ook die één onvergeeflike sonde. (Mark. 3:29; Luk. 12:10)

Die Heilige Gees staan in 'n besondere verhouding tot die Vader en in dié verband word Hy "die Gees van God", "die Gees van die Vader" of "die Gees van die Here" genoem. Die Heilige Gees staan ook in 'n besondere verhouding tot Christus en word ook "die Gees van Christus" genoem. Ons sal later op die besondere verhouding tussen die Heilige Gees en Christus tydens en ná Sy aardse bediening wys.

Hy is dus die Gees van die Vader en van die Seun en gee uitdrukking aan die eenheid tussen die Vader en die Seun. Hy is die Een wat die besondere verhouding tussen God en die gelowige moontlik maak. Hy skep ook die eenheid en innige verbintenis tussen medegelowiges.